Sondag **1 Desember**

**Skrifgedeelte: Johannes 10:1-6**

**Fokusgedeelte: Johannes 10:4-5 (AFR53)**

**Hoor jou ware Herder se stem en volg Hom!**

In die antieke tyd van Palestina het daar soms drie of meer troppe skape van verskillende herders in die aand in die skaapkraal oornag. In die eerste vergelyking (vs 1-5) wat ons Here Jesus Christus maak, wys Hy ons uit op die gevaar wat hierdie skape in die gesig staar. Verskillende stemme wat die skape wil mislei tot die dood en wegneem van die sorg en veiligheid van hulle ware herder. Die Fariseërs en profete en sogenaamde leiers wat dwaalleer verkondig het vir eie voordeel en status, is goeie voorbeelde hiervan.

As gelowiges vandag is daar baie dwaalleraars in en om die kerk wat die skape wil wegneem van hulle ware Herder, ons Here Jesus Christus. Anders as die diewe en rowers kom ons ware Herder nie met listige planne nie. Nee, deur die skaapkraal se ingang sal die ware Herder sy skape nader, sodat al die skape Hom kan sien, erken en sy stem kan hoor. Hy ken elkeen van hulle by hulle naam. Hy wil hulle versorg en uitlei uit die skaapkraal "na groen weivelde en waters waar daar vrede is", soos opgeteken in Psalm 23:2. Die ware Herder loop voor hulle uit en hulle volg Hom, omdat hulle sy stem ken, terwyl die ander skape wat nie die Herder ken nie, agterbly.

Ons Here Jesus is ons ware Herder, wat op Golgota as Lam vir ons geslag was, sodat ons deur sy duur bloed as sy skape gekoop kon word. Ons hoor nou sy stem soos Hy ons wil lei deur sy Woord en Gees en ons weg wil hou van geestelike gevare.

Hoor jy die stem van die ware Herder, ons Here Jesus Christus self, wat jou by jou naam roep en lei tot in die ewige lewe? Jy is sy skaap, sy kind, sy eiendom. Volg Hom!

*Sing: Psalm 23-1:1, 2*

*Ds. JH (Jacques) Kühn (Tsumeb)*